**Liturg: Ds Johan Willemse**

**Teks**

Eksodus 3:1-17

**Fokusvers:**

Eksodus 3:8

**Tema:**

Die Here God daal neer om ons van die slaweband te verlos

**Datum:**

21 September 2025

## 1. <u>Inleiding</u>

Geliefdes in ons Here Jesus.

In die Bybel lees ons van talle mense wie se lewens buitengewoon was, maar min kan vergelyk word met dié van Moses. Om maar net sy **geboorte** as **voorbeeld** te gebruik:

Ná Josef se dood (Gen. 50/ Eks. 1) het 'n nuwe Farao oorgeneem, een wat die Hebreërs as 'n bedreiging gesien het. Daarom het hy 'n wrede bevel uitgevaardig: elke Hebreeuse seuntjie moes by geboorte in die Nylrivier gegooi en verdrink word. Dit is in hierdie tyd wat Moses gebore is.

En reeds van die begin af het God alles ingrypend bestuur. Moses se ouers het dit reggekry om hom vir drie maande lank weg te steek. Toe dit nie langer moontlik was nie, het sy ma hom in 'n mandjie gesit en op die Nyl laat dryf, met die hoop dat God hom sou bewaar.

Die mandjie het beland by Farao se dogter. Sy het hom uit die water gered en as haar eie seun aangeneem. Tog was dit uiteindelik Moses se eie ma wat, sonder dat Farao se dogter dit besef het, hom grootgemaak het. Reeds in die eerste maande van sy lewe sien ons hoe God agter alles is.

En tog was Moses as mens nie buitengewoon of besonders nie. Ons lees nie van 'n lang lys unieke talente of uitsonderlike eienskappe nie. Hy was maar net 'n gewone mens, deur wie God die buitengewone verrig het. Dit is dus baie poëties dat Moses se roeping begin met iets wat aan die een kant heeltemal normaal was, en aan die ander kant totaal en al buitengewoon:

Moses pas sy skoonvader Jetro se kleinvee in die woestyn op. 'n Doringbos was deel van sy alledaagse werksplek, hy het seker al honderde, selfs duisende doringbosse gesien. Maar daardie dag sou hy 'n nuwe verskynsel sien. Van toe af word sy lewe <u>des te meer uniek</u>.

Soos daardie verskynsel Moses se aandag getrek het, trek die teks ons ook nader om te luister na God se stem. Vandag se preek kan opgesom word met 3 woorde:

God se **verskyning**, **ontferming** en **roeping**.

2. <u>**Liggaam**</u>

### 2.1. God verskyn:

Moses se geskiedenis is vir ons baie bekend. Alhoewel hy grootgeword het in Farao se huis, was sy hart by sy mense. Toe hy eendag sien hoe ŉ Egiptenaar ŉ Hebreeuse man slaan, het Moses die Egiptenaar doodgemaak. Later het die moord by die Farao bekend geword, en Moses moes vlug.

As vlugteling gaan hy na Midian en word ŉ skaapwagter. Die Egiptenaars het herders gesien as iets afstootlik, en tog was dit juis die werk van Jakob en sy gesin toe hulle in Egipte aangekom het (Gen. 46:32-24 & 47:1-6). Moses se werk as herder sê dus iets van sy identiteit as ŉ afstammeling van Jakob.

Eksodus 3 begin dan met ŉ normale dag in sy lewe. Hy is ver van Midian af, in die Sinaiwoestyn. Soos al die ander dae was sy roetine dieselfde: Reis deur die woestyn, soek water en weiding, sien om na die kudde se behoeftes, lei hulle met staf in diehand. En so, sonder dat hy dit besef, was hierdie gewone skaapwagterlewe God se manier om hom voor te berei.

En dan, skielik, in die alledaagse verloop van ŉ gewone dag, gebeur iets onverwags en buitengewoon: God verskyn aan Hom.

Toe Moses weer sien, is daar "*ŉ vuurvlam in ŉ doringbos.*" Dadelik besef hy dat iets vreemd aan die gang is. Hy kan sien hoe die doringbos brand met vlamme en hitte, maar die bos word nie verteer nie! Wat hier aan die gang is, maak glad nie sin nie.

Woestynbossies is meestal sag en lig. As ŉ mens dit aan die brand steek, sou dit vinnig uitbrand, maar hierdie bos brand en brand sonder ophou. Dit is totaal en al <u>onmoontlik</u>. Vers 3 sê dat dit ŉ "*<u>buitengewone</u> verskynsel*" was (2020 vert.). Maar die doringbos beeld ten diepste iets uit van wat op hierdie oomblik plaasvind.

God, die Almagtige Skepper van hemel en aarde verskyn aan ŉ mens. Die allerheiligste God verskyn aan ŉ sondaar, en net soos die doringbos veronderstel is om verteer te word, sou

God se teenwoordigheid vir Moses dadelik verteer het. Die werklike ‘buitengewone verskynsel’ is nie die bos nie, maar God se verskyning aan Moses!

Maar kyk mooi. God verskyn nie in sy volle majesteit nie. Vers 2 sê: “*Die Engel van die Here verskyn aan hom.*” Aan die een kant verwys dit na ’n engel, ’n verteenwoordiger en boodskapper wat God se woord oordra.

Maar die teks verbind *die Engel van die Here* aan God self. In vers 2 is dit die **Engel van die Here** wat in die doringbos verskyn, maar in vers 4 roep die **Here self** uit die bos uit. En in vers 6 is dit weer **God** wat aan die woord is.

Eksodus 3, net soos baie ander plekke in die Bybel, laat ons duidelik verstaan dat die Engel van die Here nie net ’n gewone boodskapper is nie, maar ’n verskyning van God self (vgl. Gen. 16; 22; Eks. 23:20–23). Die Here verskyn in ’n gestalte wat ’n sondige mens kan sien en hoor sonder om onmiddellik verteer te word.

Maar die belangrikste van die verskyning is vers 6. Die Here maak Homself bekend met die woorde: “*Ek is die God van jou vader, die God van Abraham, Isak en Jakob.*” Die God wat aan Moses verskyn, is nie onbekend nie. Hy is die God van die **verbond**, die God wat sy beloftes deur geslagte heen bewaar.

Hy is heilig, so heilig dat Moses sy skoene moet uittrek en nie na Hom kan kyk nie. Maar Hy is ook getrou en liefdevol, die God wat Homself aan sy volk verbind. Die Almagtige en Allerheiligste God is ontoeganklik en tog verskyn Hy aan mense. Hy is verhewe en tog kom Hy naby want Hy staan in ’n lewende verbondsverhouding met sy volk.

Juis dít is die rede vir God se verskyning. Dit bring ons by ons volgende punt:

### 2.2. God se ontferming:

Na God se verskyning, begin die Here met Moses praat in vers 7. Wat duidelik uitstaan is die werkwoorde. Die Here sê: "*Ek het* ***duidelik gesien****... Ek het hulle jammerklagte* ***gehoor****...Ek* ***ken*** *hulle smarte.*" Hierdie drie woorde beklemtoon God se ***ontferming*** oor sy volk.

Nadat hoofstuk 1 en 2 hulle ellende, slawerny en smart beklemtoon, sê die Here baie duidelik dat Hy diep bewus is daarvan. Dit is asof God self die bitterheid van sy volk se slawerny beleef. Dit is ware medelye, Hy ly saam met hulle. Maar God se medelye oor sy verbondsvolk is nie net passief nie, dit gaan oor in liefde!

Daarom sê Hy vir Moses dat Hy die volk gaan verlos. Dit word vir ons uitgedruk in vers 7-10 met woorde wat heeltemal teenoor mekaar staan.

- Vers 7 begin met die woorde: "*Ek het duidelik gesien die ellende van my volk wat* ***in Egipte*** *is.*" Hier is die probleem, die volk is **in Egipte**. Maar die Here gaan sy volk verlos, daarom sluit vers 10 af: "*lei my volk, die kinders van Israel,* ***uit Egipte uit****.*"
- Die tweede kontras is in vers 8. God sê: "*Ek het* ***neergedaal*** *om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos.*" Hoe kosbaar is hierdie gedagte nie! God wat in die hoogste hemele op sy ewige troon sit, daal neer na sy volk toe. En selfs nóg meer verblydend, Hy het **neergedaal**: "*Om hulle te laat* ***optrek*** *uit daardie land.*"

Geliefdes, God se hart word in hierdie verse blootgelê. Sy verbondsliefde en trou oortref alle kennis. Ons kan dit nooit ten volle begryp nie. Ons kan slegs in verwondering staan daaroor, soos Moses by die brandende doringbos.

God se verskyning daardie dag was om Moses te roep as instrument in sy verlossingsplan. Sy hele lewe het die Here hom bewaar en voorberei om nou voor die volk en Farao te gaan verskyn. Dit bring ons by die derde punt: God se roeping:

### 2.3. Roeping:

In die eerste plek moet ons goed verstaan dat die Here alleen die een is wat verlossing bring. Israel was volkome hulpeloos en kon hulself nie red nie, maar God kom verlos hulle. In sy verlossingsplan maak Hy gebruik van mense.

Vers 10 sluit af met die opdrag aan Moses: "*Gaan dan nou heen...*" Vir Moses was hierdie woorde net so vreemd soos die brandende doringbos. Daarom sou hy twee keer vir die Here ŉ vraag vra na aanleiding van die roeping.

In **vers 11** vra hy: "*Wie is ek, dat ek na Farao sou gaan en dat ek die kinders van Israel uit Egipte sou lei?*" Alhoewel Moses baie ordentlik is, is daar baie twyfel. Hy fokus op homself, sy tekortkominge en onwaardigheid.

Dan antwoord die Here hom (3:12) met woorde van troos: "*Ek sal met jou wees.*" Moses sê '*Here u roep mý om hierdie onmoontlike taak te onderneem? Wie is ék tog?*' Maar die Een wat die onmoontlik en onbeskryflike verskynsel van die brandende doringbos laat gebeur, is die Een wat **met hom sal wees**. God se antwoord kan eintlik ook lees: "*Ek is, met jou...*" of selfs "*Ek sal wees, met jou...*"

In **vers 13** vra Moses ŉ tweede vraag: As ek by die volk kom en sê God het my gestuur, en hulle vra my dan: 'Wat is sy Naam?' "*Wat moet ek vir hulle sê?*"

In die Ou Testament is die gedagte van ŉ naam baie meer as net *dit wat jy iemand noem*. Dit verteenwoordig ook vir <u>wie die persoon is</u>, hul karakter, hulle gesag. Daarom, wanneer God vir Moses antwoord, is dit ten diepste ŉ **openbaring** van sy eie **wese**: "*Ek is wat Ek is.*"

Hierdie woorde kan ons op drie maniere verstaan:

i. God kan nie beskryf word nie, Hy is bloot wie Hy is. Hy is onbeperk. Ons kan Hom nie vasvang met ŉ naam anders as wat Hy is nie. Omdat Hy heilig is en soos geen ander is nie, is dit ook die beste om Hom te beskryf: Hy is wat Hy is.

ii. Die sin kan ook lees: "*Ek sal wees wat ek sal wees.*" Dit wys dus na die toekoms. God se karakter, sy barmhartigheid, genade en almag, maar ook sy heiligheid en

regverdige oordeel sal in die toekoms vir die volk sigbaar word. Sê dan vir die volk "*Ek sal wees wat ek sal wees.*" Hulle moet net glo en vertrou.

iii. Ons kan verstaan dat God sê: "*Ek sal laat gebeur wat ek doen.*" Moses en die volk se hoop lê alleenlik in God wat sal laat **gebeur** wat Hy belowe. Hy is getrou en Hy sal sy beloftes volbring.

Maar om God se antwoorde werklik te verstaan, moet ons die twee antwoorde (3:12 & 14) saam lees. Moses se vrees lê by sy tekortkominge, dit lê by 'n moontlike onsekerheid wat die volk dalk mag hê. Op die ou end antwoord die Here Hom: "*Moses, dit gaan nie oor wie jý is nie. Dit gaan nie oor wat jý vir die volk moet sê nie. Ek is wat Ek is, Ek is, met jou*."

Daarom Moses, gaan, gaan heen (3:10 & 16) en die volk sal na jou luister (3:18).

Dit bring ons by ons laaste punt:

### 2.4. God se verskyning, ontferming en sending:

Geliefdes in ons Here Jesus. Die verskyning van die brandende doringbos was vir Moses die eerste van 'n reeks onbeskryflike gebeure in sy lewe. Maar dit sal nie die laaste keer wees waar die Almagtige, Allerheiligste God tot sy volk nader nie.

In hoofstuk 19 het ons vanoggend gelees hoe die Here in 'n vuur op dieselfde berg neerdaal voor die volk. Hy lei hulle deur die woestyn met sy teenwoordigheid in die wolk- en vuurkolom. Later sal sy vlammende en verterende teenwoordigheid, in die middel van die laer, in die tabernakel stelling inneem.

Die Here het neergedaal om *by sy volk te wees*. Immanuel, God met ons. Wat 'n ongelooflike genade!

Die hoogtepunt van God wat neerdaal, kom egter wanneer die Here sy verskyning maak in die volheid van die tyd. Hy daal neer en verskyn aan sy volk in nood, nie in die gestalte van 'n

boodskapper nie. Die Here, die Een wat *is wat Hy is* neem die gestalte van ŉ mens aan en kom *woon* onder ons.

In sy medelye sien God die mensdom se ellende aan, maar meer as dit. Hy word self mens en word in alle opsigte versoek. Hy beleef die ellende wat die wêreld bring, die swaarkry en smart.

Die buitengewone verskynsel van die doringbos word vervul. Ons Here Jesus Christus daal in medelye neer in die gestalte van ŉ mens. Hy daal verder neer tot die dood aan ŉ kruis om ons uit die slaweband te verlos. In sy opstanding en hemelvaart word ons ook dan uitgelig uit hierdie slawerny uit. Hy is waarlik God, *die Een wat is en wat was en wat kom*.

Hier lê die belangrikste boodskap van Eksodus 3.

Maar daarmee saam vind ons die troos!

Net soos Israel staan ons in ŉ verbondsverhouding met die Here. Daarom mag ons ook weet dat die Here steeds ag slaan op ons. As die verbondsvolk van God *sien Hy duidelik* ons ellende, Hy *hoor* ons klagtes en sorge, Hy *ken* ons swaarkry.

Wag op die Here, geliefde. Wag op Hom, Hy is getrou en genadig. Hy *sal wees, met jou*. Hy sal op die regte tyd aan jou verskyn en tot jou redding kom! Hou net moed, bly glo en vertrou.

### 3. **Slot**

En dan ten slotte.

Daardie dag op die berg het Moses nie net ŉ onbeskryflike belewenis gehad nie. Hy het nie net die Here leer ken op ŉ baie unieke manier nie. Ten diepste is hy daardie dag **gestuur** deur die Here.

Baie keer antwoord ons die Here soos Moses: 'Wie is ek tog? Ek ken nie die Bybel so goed nie, ek is skaam, bang, onseker of onbekwaam. Wat as die mense vir my dít of dát vra?'

Geliefdes, vind dan troos en skep moed. Want dit gaan nie oor *jou* nie. Christus het reeds die weg gebaan. Hy het reeds verlossing uit slawerny gebring! Al wat ek en jy moet doen, is gehoorsaam wees aan die opdrag: Gaan dan heen en verkondig die verblydende nuus:

Verlossing van die slaweband, verrig deur Gods allerhoogste hand.

# Amen